

DIE POSISIE VAN DIE KOMMANDANT.

Die kommandant in die dae van die Republiek was 'n gesiene of bekwame boer van 'n distrik wat deur die burgers van daardie distrik gekies is. Hy was verantwoordelik in militêre sake aan die Kommandant-generaal en in regterlike en administratiewe sake aan die landdros van die distrik.⁽¹²⁴⁾ Onder die kommandant het weer gedien die veldkornette van die wyke waarin 'n distrik verdeel is.

Die hoofzaak van die kommandante word as volg in hul instruksies gestel: „Is opgedragen..... aan de Commandanten de commando's ter zake van binnenlandsche opstanden der kleurlingen;....”(125) Dit wil sê waar administratiewe maatreëls ten opsigte van die Naturelle nie kon slaag nie, moes die kommandant met sy kommando burgers optree ten behoeve van binnelandse veiligheid - gewoonlik na 'n krygsraadvergadering waarby die landdros bygeroep is.⁽¹²⁶⁾

Dit gaan ons nie hier om die militêre optrede van die Z.A.R. teen die Naturelle nie, maar wel om die meer administratiewe take ten opsigte van Naturellesake wat soms aan die kommandante opgedra is. Nietemin kan daar wel gelet word op 'n paar instansies van meer suiwer militêre optrede teen die stamme ten einde 'n vollediger beeld te hê van hierdie offisier.

So het die Krygsraad van Rustenburg byvoorbeeld besluit „dat een Exepeditie zal uittrekke tegens dien

(124) Staats Courant 2/4/48 : Instructie voor de Commandanten, art. 16. Vgl. art. 123 van die 1858 - Grondwet.

(125) Ibid art. 8.

(126) R. 309/51 : Notule van Krygsraadvergadering, Potchefstroom, 23/8/51. Vgl. Reyneke, p.105.

onrustwekkende stammen van de zyde van Marico. Zoo word de Commandanten en veldcornetten door deze gelast hun onderhorige op te roepen en den 25sten der aanstaande maand July present te weezen op den plaats van H. Scheepers deze zyde de Marico ten einde den algemeene vyand tegen te gaan." (127) Dit na 'n verslag van Kommandant P.J.W. Schutte van Buffeldoorn aan die Kommandant-Generaal dat hy van veldkornette A. Coetzee en T. Pretorius vernem het dat die kaffers Marico wil binneval. (128)

So vind ons ook 'n aanmaning van Kommandant F.H. Geyser dat Sebitiela, Mphahlele, Kapella en Matlala samerotting beoog en die wapens wil opneem. (129) Op dieselfde dag stel Geyser sy kollega, die Kommandant van Waterberg in kennis van die dreigende onveiligheid. (130) Kommandant J.W. Viljoen het weer 'n kennisgewing uitgereik dat Setšhele en Sagoma onderling in oorlog is en dat op versoek van die twee stamhoofde blanke jagters uit die veld moet bly. (131)

Interessant egter is die losstaande administratiewe pligte wat van tyd tot tyd aan die kommandante opgedra is ten spyte van die feit dat sowel die landdros as die veldkornet daar was om die taak te vervul. En meer nog, in baie gevalle is die opdragte aan die kommandante ongetwyfeld 'n oor-

-
- (127) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 3, p.270 :
 Notule van Krygsraadvergadering, Rustenburg,
 8 Junie 1854. (R. 646/54).
- (128) R. 699/54 : P.J.W. Schutte aan M.W. Pretorius
 ged. 13/10/54.
- (129) R. 4502/61 : F.H. Geyser aan f. President
 ged. 17/7/61.
- (130) R. 4501/61 : F.H. Geyser aan J.J. Viljoen
 ged. 17/7/61.
- (131) Staats Courant No. 15, ged. 26/5/63 :
 Kennisgewing deur J.W. Viljoen, Comdt.
 Distr. Marico, ged. 27/4/63.

vleueling gewees van bestaande opdragte aan óf landdroste óf ander amptenare. Dit word byvoorbeeld voorgeskryf dat as die kommandant ouerlose Naturelle-kindere kry hy die saak „scherp en behoortlyk" moet ondersoek en dan sorg vir inboeking by die landdros.⁽¹³²⁾ Kommandant Jacobs is weer in 1853 saam met Kommandante-Generaal M.W. Pretorius en P.J. Potgieter na Mahura, nie alleen om vredesverdrae te sluit nie maar ook om vir hulle woonplaas-reëlins te tref.⁽¹³³⁾ In 1859 is dit deur die Uitvoerende Raad besluit „dat de Comds. gelaat word toe te sien tot de verdeeling van kaffers zoo veel mogelyk."⁽¹³⁴⁾ Ook is besluit om „Cdt. Kruger stiptelyk orde te geven in elken wijk met de veldcornetten te regelen de orders van kaffers."⁽¹³⁵⁾ Verder ten opsigte van die verdeling van die stamme en die aanwys van woonplase is Kommandant Van Heerden van Potgietersrust se versoek dat Matlala in sy distrik behoort te ressorteer - dit is ook Matlala se wens.⁽¹³⁶⁾

Ten slotte is daar 'n aantal spesifieke gevalle waar kommandante dit op hulle geneem het om op te tree, gevalle wat net sowel en liefs deur die landdros, sy ondergeskikte amptenaar, die veldkornet of the spesiale amptenaar, die Superintendent van Naturelle, behartig kon gewees het.

-
- (132) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 1, p.140 : Volksraadvergadering, Lydenburg 20/5/50, art. 57. (E.V.R. 3)
- (133) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 2, p.137 : Kommissieraadsitting te Rustenburg, 9/8/53. (E.V.R. 3.)
- (134) U.R. 1A : U.R.B. 11/1/59, art. 4.
- (135) U.R. 1A : U.R.B. 12/1/59, art. 19.
- (136) R. 723/64 : W. van Heerden aan U.R. ged. 5/9/64.

Daar is die geval van Kommandant Geyser wat gerapporteer het oor pokke onder die Bantoe;⁽¹³⁷⁾ die geval waar dieselfde kommandant in opdrag van die Uitvoerende Raad (U.R.B. ged. 31/3/63) 'n saak teen Michael Buys ondersoek en verslag gedoen het;⁽¹³⁸⁾ die breedvoerige verslag van Kommandant van Heerden oor Naturellesake in Potgietersrust waarin hy meedeel dat die Bantoe onwillig is om te werk, nie verdeel wil word nie, nie pos wil dra nie en nie opgaaf wil betaal nie en dat Machem weier om hom aan die landswette te onderwerp;⁽¹³⁹⁾ die verslag van Kommandant J.J. Snyman van Pretoria oor onderhandelinge met stamhoofde Saul en September⁽¹⁴⁰⁾ en die verslag van Kommandant J.J. Viljoen oor Naturellesake in Marico.⁽¹⁴¹⁾ Ten slotte is daar die pokke-proklamasie van 1863 wat stipuleer dat slegs met 'n pas uitgereik deur die kommandant van die distrik, die volk van 'n aantal genoemde stamhoofde die blanke gebiede mag binnekom. „Verder worden alle Commandante (en Veldcornette) gelast stiptelyk te zorgen dat deze Proclamatie ten strengste worde nagekomen.”⁽¹⁴²⁾

-
- (137) R. 297/62 : F.H. Geyser aan f. President ged. 8/8/62.
- (138) R. 253/63 : F.H. Geyser aan U.R. ged. 1/4/65.
- (139) R. 905/64 : W. van Heerden aan F.H. Geyser ged. 15/10/64.
- (140) R. 349/64 : f. Komdt. J.J. Snyman aan Gov. Sekr. ged. 15/6/64.
- (141) R. 4520/61 : Komdt. J.J. Viljoen aan f. President ged. 25/7/61.
- (142) Staats Courant No. 8, ged. 7/4/63, No. 9, ged. 14/4/63 en No. 10, ged. 21/4/63 : Proklamasie teen verspreiding van kinderpokke.

Dit kan geredelik verstaan word dat in 'n ylbewoonde land met baie verspreide Bantoe-stamme iedere persoon, veral persone van gesag verslag sal doen oor Naturellesake. Eweneens kan dit verstaan word dat in die tydsomstandighede elke persoon van gesag sal ingespan word teen die verspreiding van 'n gevreesde aansteeklike siekte soos pokke of andersyds teen die misbruike verbonde aan 'n stelsel soos die inboek van Bantoe-kindere.

Dit sou nie geregverdig wees om hier die kritiek te lewer dat die feit dat die kommandant hom ook soms met Naturellesake bemoei het, 'n bewys is van die wanordelike administrasie in die Z.A.R. nie. Eweneens raak geen beginselsaak gemoeid deur die paar instruksies aan kommandante ten opsigte van inboekeling, passe en dies meer nie. Tewens uit die aard van sy plig ten opsigte van die binnelandse veiligheid was die verslae van die kommandant net soveel sy plig as dié van amptenare wat belas was met Naturelle-administrasie.

Soos in die begin aangedui gaan dit soms moeilik om militêre van administratiewe sake te skei wanneer dit by die Naturelle in die dae van die Republiek kom, temeer nog wanneer daar onderskei moet word tussen reëlins vir „binnelandse veiligheid" en Naturelle-administrasie! Die werksaamhede van die kommandant illustreer hierdie punt voldoende en gee ons 'n duidelik genoeg beeld van wat presies sy posisie in hierdie verband was.

--ooOoo--

DIE VELDKORNET AS NATURELLESKE-AMPTENAAR:Inleiding:

As die veldkornetsamptgesien word in die lig van huidige staatsadministratiewe praktyke, kan met veiligheid beweer word dat dit 'n onherhaalbare amp is. Die wyk was die uitgangspunt van die Republikeinse administrasie en in sy wyk was die veldkornet dié amptenaar. Hy was in 'n mate magistraat, vrederegter, polisie-dienaar, bewaarder, publieke vervolger, geregsbode, werkverskaffings-beampte en Naturelle-kommissaris.

Waar die Kommandant-generaal, Kommandante en Landdroste nie so in die Naturel se midde gestaan het nie, daar het die veldkornet tussen hulle en die blankes gewoon en gewerk. Die Naturelle was groten-deels nog in stamme gegroepeer en het verspreid oor die hele land gewoon en is derhalwe saam met die blankes in die wyke ingedeel. Die wyk het dus die grondslag van Naturellebeleid geword en die veldkornet het dus noodwendig uit die aard van die oorwig van die Bantoe se getalle, die vernaamste amptenaar in die Naturelle-administrasie van die Republiek geword en sou 'n vername rol speel in die ontwikkeling van 'n Naturellebeleid. In Naturellesake het die amp van veldkornet sy hoogste onafhanklike posisie bereik.⁽¹⁴³⁾

Die wyk was natuurlik ook die uitgangspunt van die verdedigingstelsel van die Republiek en het geval onder 'n bepaalde distrik met 'n kommandant aan die hoof daarvan. Met die vestiging van die bevolking sou sowel die kommandant as sy veldkornette onder die landdros as administratiewe hoof van die

(143) Vgl. Van Jaarsveld, p.273.

distrik ressorteer.

Al die omskrewe werksaamhede van die veldkornet ten opsigte van Naturellesake toon aan oor watter groot magte hierdie amptenaar beskik het in die uitvoer van Naturelle-beleid en -administrasie. Reeds is daarop gewys dat die uitvoering van Naturelle-beleid berus het by die Kommandant-generaal, sy ondergeskikte offisiere, landdroste en spesiale Naturellesake-amptenare.

Vir die reëling van stambelange en rasse-verhoudinge was die Kommandant-generaal verantwoordelik gemaak asook vir enkele ander sake soos reeds gesien. Prakties egter het byna al die werksaamhede op die landdros, veldkornet en die paar spesiale amptenare neergekom met die oorwig aan die kant van die veldkornet.

In die uitvoering van sy burgerlike pligte het die veldkornet aan sy kommandant of die landdros van sy distrik gerapporteer of soms direk aan die Staatssekretaris, Uitvoerende Raad, President of Volksraad.

Vervolgens sal in nadere besonderhede gelet word op die werksaamhede van die veldkornette, nie alleen soos blyk uit die instruksies wat hul ontvang het nie maar ook uit opdragte ten opsigte van beleidsaangeleenthede soos arbeidsreëling, grond-toekenning, pas- en belasting-stelsels en beleid ten opsigte van vuurwapens, sendelinge en allerlei ander aangeleenthede.

VELDKORNETINSTRUKSIES.

'n Dokument uit November 1841 omskrywe die instruksies aan 'n Potchefstroomse veldkornet as bekendmaker van raadsbesluite, beskermder van die vrede, vredemaker, stemopnemer, inspekteur van

plase en krygsman. Ook moes hy kafferrondlopery teengaan en hulle kontrakteer as werkvolk by die burgers. (144)

Saam met die Drie-en-Dertig Artikels (1844) word ook goedgekeur instruksies vir kommandante en veldkornette. Die veldkornette was onder andere belas met die wyksveiligheid deur rusverstoring, samerotting, vyandelikhede en die dra van wapens onder die Naturelle teen te gaan.

Voor 1858 het elk van die drie distrikte, tewete Magaliesberg-Potchefstroom, Zoutpansberg en Ohrigstad-Lydenburg feitlik hul eie veldkornet-instruksies gehad⁽¹⁴⁵⁾ maar dit ten spyte het hulle enersse militêre pligte gehad. Die landdroskorrespondensie van voor 1858 getuig egter ook daarvan dat die administratiewe werksaamhede van die veldkornette dieselfde was. (146)

In die konsepgrondwet van 1855 vind ons dat die veldkornet se pligte sou insluit: reëling van goeie verhoudinge tussen heer en diensbode, verdeling van kleurling-arbeiders, kontraktering van werkvolk en pasverlening. (147)

Die bepalinge van die veldkornet se werksaamhede in die afdeling „Over de Kleurlingen" soos vervat in sowel die 1855- as die 1857-konsepgrondwette is in die veldkornetinstruksies

(144) Instructie voor den Velicornet P. Lendekwe, 26/11/41. Landd. Potch. I - By F.A.F. Wichmann, p.28. Volgens F.A. van Jaarsveld is hierdie dokument nie meer in die Argief te vinde nie. (p.209).

(145) Vgl. Van Jaarsveld, pp.209-11.

(146) T.a.p., p.211.

(147) R. 930/55 : Ontwerp van Wetten, Potchefstroom, 1/11/55.

geplaas sodat by die finale grondwet van 1858 hierdie afdeling oor die „kleurlinge" weggeval het en die veldkornetinstruksies goedgekeur deur die Volksraad op 17/9/58 teruggevind word in 'n „Bylae tot die Grondwet." (148)

Hierdie veldkornetinstruksies van 1858 is feitlik ook die eerste gesistematiseerde kode ten opsigte van Naturellesake in die Z.A.R. Dit was 'n kristallisering van die reeds bestaande beginsels soos daargestel deur die Volksraad en Krygsraad. In 1864 het 'n nuwe „Kafferwet" die lig gesien met meer volledig uitgewerkte instruksies aan die veldkornette oor Naturellesake.

Agt jaar tevore is daar in 'n memorie gevra dat „den veldcornets, zynde eerste in elk wyk, die moeten met genoegzamen instruktiën worden voorzien om in allen zaken die mogt voorkomen, weeten te handelen." (149)

ONVOORGESKREWE WERKSAAMHEDE.

Maar alle pligte kon onmoontlik voorgeskryf word en die veldkornette het dan ook velerlei take verrig sonder voorskrif. Uit eie beweging het sommige veldkornette stamhoofde besoek⁽¹⁵⁰⁾ en soms op eie houtjie met hul burgers vergaderings saam met stamhoofde gehou om oor vrede te praat.⁽¹⁵¹⁾ Die stamhoofde aan die anderkant het heel dikwels ook hul bepaalde behoeftes of wense gehad wat hulle voor

(148) Locale Wetten, p.93 : V.R.B. 17/9/58, art. 19.

(149) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. I, p.300 : Memorie van Veldkornet F.G.A. Wolmarans, en 44 ander, Mooirivier, 28/2/1850.

(150) R. 1959/58 : Veld. J.W. Viljoen aan M.W. Pretorius, Marico, 14/3/58.

(151) R. 944/55 : Verslag van Veldk. J.W. Viljoen, Vergenoegd, 22/11/1855. Vgl. R. 1688/57 : Verslag van veldkornet H.J. van Staden ged. 27/8/57.

die regering wou lê soos byvoorbeeld toe Mareik se volk gevra het dat Mareik se seun tot Stamhoof verklaar moet word omdat Mareik dood is.⁽¹⁵²⁾ Soms is besoeke afgelê aan die veldkornet deur Bantoe, soos die geval hierbo en soms is deur middel van 'n sendeling briewe tot die veldkornet gerig. Sulke briewe is dan met 'n begeleidente verklaring van die veldkornet aan die regering gestuur. Hulle het die veldkornet feitlik as wykskaptein beskou en met hom onderhandel asof dit die regering was.⁽¹⁵³⁾

Die veldkornette is dikwels gelas om stamhoofde op te roep tot vergaderings met die Uitvoerende Raad of Krygsraad.⁽¹⁵⁴⁾ So vroeg reeds as 1848 vind ons in die Volksraadsnotule die volgende:- „Ook is de leden eenparig van gevoelen dat Mapog en van zyn grootste Capitains met den volgend(e) vergadering tegenswoordig zyn zal. Zulks optedragen aan den Veldcornet P. Nel.”⁽¹⁵⁵⁾

By ander geleenthede weer is hulle deur die Krygsraad opgedra om onderhandelinge met spesifieke stamhoofde aan te knoop soos byvoorbeeld toe Carel Weyers opgedra is om met Mahura te gaan onderhandel.⁽¹⁵⁶⁾

Allerlei ander handige inligting vir die regering is deur die veldkornette ingesamel. So het veldkornet Meyer eenkeer verslag gedoen oor die bewegings van Mahura, Maraguboes, Andries Makuza

(152) R. 679/54 : H.J. van Staden, Aaprivier, se verslag, ged. 8/9/54.

(153) Van Jaarsveld, p.292.

(154) Sien indrukwekkende bronnelys by Van Jaarsveld, p.234.

(155) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. I, p.84 : 20/9/48.

(156) R. 598/54 : Krygsraadnotule, ged. 6/1/54.

en ander.⁽¹⁵⁷⁾ By 'n vorige geleentheid is deur 'n ander veldkornet verslag gedoen dat Mswazi en Somcuba gaan oorlog maak.⁽¹⁵⁸⁾ Veldkornet Vorster het weer in 1861 aan Kommandant Geyser laat weet dat Matlala sy neerlaag by Blouberg gaan wreck en 'n aanval beplan.⁽¹⁵⁹⁾ Veldkornet Duvenage het eenkeer verslag gedoen oor sy verrigtinge by Madzhie (Katlagter), Makhado en ander stamhoofde,⁽¹⁶⁰⁾ terwyl S.J. Prinsloo rapporteer het oor steurnisse wat die volk veroorsaak.⁽¹⁶¹⁾

ARBEIDSREËLING:

Seker een van die bes omskryfde pligte van die veldkornet staan in verband met die reëling van arbeid sowel ten opsigte van plaasvolk en diensbodes as inboekelinge. Die sosiale struktuur van die Bantoe, waarvan een aspek was dat die vrou, en nie die man nie, moet werk vir die daaglikse lewensbehoefte, is 'n feit wat die Boere nie onder die oë kon sien nie.

In Oktober 1848 skryf veldkornet P. Nel aan die Volksraad: „Myn heren en representente leden te Orligstad, Deze dient UEd. te envormeren

(157) R. 1975/58 : Verslag, ged. 13/3/58.

(158) R. 623/54 : Verslag van Veldk. J. van Wyk, 4/3/1854.

(159) R. 4448/61 : B.J. Vorster aan F.H. Geyser, ged. 31/6/61.

(160) R. 495/65 : Verslag van Abr. Duvenage, ged. 26/4/65.

(161) R. 1071/68 : S.J. Prinsloo aan f. President, ged. 15/8/68.

als dat de Kaffer Kaptyn Maleuw soo ondiensbaar en onwellig is als hy nog ooyt gewees is...."(162)

Die ondiensbaarheid van die Bantoe was 'n doring in die oog van die boere en weldra moes die Volksraad besluit dat Naturelle wat onwellig was om plaasdiens te verrig 25 platricm-houe van die veldkornet moes kry!(163)

Om hierdie ondiensbaarheid meer konstruktief teë te gaan en om 'n einde aan die klagtes van die boere te maak is van tyd tot tyd maatreëls getref wat die veldkornet moes uitvoer.

In die eerste plaas moes die veldkornette sorg vir die eweredige verspreiding van volk tussen die wyke.(164) As twee veldkornette moeilikheid oor die verskuiwing van krale gekry het moes hulle na 'n hoër offisier gaan om die moeilikheid te besleg.(165) Daar was egter dié verdere bepaling dat krale nie sonder die volk se toestemming verskuif kon word nie.(166)

Genoegsame smaadhede is die veldkornet deur die publiek toegevoeg as hy nie volk gehad het vir die wyk nie,(167) en daar is by die regering

(162) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. I, p.261 : P. Nel aan Volksraad, Buffelsvaly den 1 October 1848.

(163) V.R.B. 22/1/1850, art. 34.

(164) R. 2965/59; R. 620/72 : J.G. Marais aan President, ged. 14/5/72 - hy slaag nie om „Makapaan" se volk vir die boere te kry nie.

(165) Van Jaarsveld, p.274.

(166) U.R. 2, U.R.B., ged. 18/11/68, art. 6 op p.781.

(167) R. 829/55 : H. Stroh aan U.R., 4/6/55; R. 3306/59 : James Moulder aan St. Schoeman, Nooitgedacht, 1/12/59.

aangedring dat die Bantoe onder 'n meer gereelde administrasie gebring moet word vir betere diensbaarheid.⁽¹⁶⁸⁾ Veldkornet Bodenstein het slegs 10 volk vir 130 boere gehad, Snyman 112 vir 118 boere en Stroh 35 vir sy hele wyk.⁽¹⁶⁹⁾ As gevolg van die tekort het die boere gedurig stamme of krale aangevra. Stroh, Veldkornet te Rustenburg, het in 1855 die Krygsraad gevra vir Rampot en Ramaimane se volk of Rankuyane se kraal.⁽¹⁷⁰⁾ Een kraal is hom toegestaan terwyl S.J.P. Kruger ook een kraal kon kry.⁽¹⁷¹⁾ Was die Naturelle eenmaal in die wyk moes die veldkornet hulle so verdeel dat elke burger genoeg diensvolk kon kry. Elke boer was eintlik op 4 gesinne geregtig.⁽¹⁷²⁾

Benewens hierdie sy van die saak was die veldkornet ook werkverskaffingsbeampte in die engere sin. „Besloten en over een gekomen dat de Veldcornets verplicht zal zyn de menschen in zyn wyk (zal) behulpzaam (te) zyn in het verkrygen van kaffers tot arbeid....“⁽¹⁷³⁾ In hierdie verband het veldkornet Van der Walt van Krokodilrivier 'n kontrak met stamhoof Seleka gemaak om die Vaalpenskaffers uit sy gebied te verwyder en in diens by boere te plaas.⁽¹⁷⁴⁾ Die volgende jaar word hy gemagtig om swerwende Bantoe te verdeel met dien verstande dat

(168) R. 620/64 : Burgermemorie van Utrecht, ged. 22/8/64.

(169) Van Jaarsveld, p.281.

(170) R. 829/55 : H. Stroh aan Krygsraad, ged. 4/6/55.

(171) R. 831/55 : Krygsraadvergadering van 7/6/55.

(172) Locale Wetten, p.99 : Instructiën voor de Veldcornet, 1858, art. 57.

(173) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. I, p.117 : Volksraadnotule 22/1/50, art. 34.

(174) R. 4181/60 : Kontrak tussen Seleka & die Vaalpenskaffers deur Veldkornet A.P. van der Walt, 10/12/60; R. 4183/60 : Verslag deur Veld. A.P. van der Walt oor Vaalpensse se verplasing, 13/12/60.

weeskinders deur die landdros moet ingeboek word. Ook kon hy Vaalpenskaffers gaan haal en by boere onder kontrak plaas. (175)

Om hierdie taak van werkverskaffingsbeampte na behore te kon vervul is in die veldkornetinstruksies van 1858 opgeneem 'n artikel (art. 58) wat lui dat „de Veldcornetten zullen verplicht zijn om alle kafferkrallen in hunne wijken op te nemen, hoeveel dienstbare mannelijke kaffers gevonden worden.....” (176)

Hierdie instruksie het later 'n klousule in Wet 9 van 1870 geword. (177)

„Alle aansoeken om kleurlingen in dienst te verkrijgen moeten gedaan worden door de blanke inwoners bij de Veldcornetten der afdeelingen waar die kleurlingen zijn, tot welke wijken de blanke inwoners ook mogen behooren.” (178) Geen privaatman en selfs geen veldkornet het die reg gehad om 'n kaffer uit 'n wyk te gaan haal as hy nie tot daardie wyk behoort het nie. (179) Verder mog niemand met 'n stamhoof oor diensvolk of arbeidsak gaan onderhandel sonder goedkeuring van die Veldkornet nie, nog minder kon 'n dienskontrak so aangegaan word. (180) Verder word die kiem van die huidige arbeidsburostelsel

(175) R. 4397/61 : Missive van St. Schoeman aan A.P. van der Walt, Pretoria, 13/5/51.

(176) Locale Wetten, p.99 : Instructiën voor de Veldcornet, 1858, art. 58.

(177) Locale Wetten, p.383 : Wet 9/1870, art. 24.

(178) Locale Wetten, p.96 : Instructiën voor de Veldcornetten, 1858, art. 39.

(179) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 2, p.57 : Volksraadvergadering, Rustenburg, 17/3/52, art. 5.

(180) Locale Wetten, p.97 : Instructiën voor de Veldcornetten, 1858, art. 45.

terug gevind in hierdie wordingsjare van die Republiek toe onder andere bepaal is dat: „Ieder kleurling, die geen kaptein heeft wien hij ondergeschikt is, of aan wiens orders hy niet onderdanig wil zijn, zal, hetzij man of meid, zoodra hij of zij buiten vaste en voortdurende dienst is, en geen andere dienst weet te verkrijgen, zicht moeten aannemen bij den Veldcornet der afdeeling, waaronder hij of zij zicht bevindt, ten einde door den Veldcornet eene dienst aangewezen te worden.” (181)

Baie opmerklik is dit dat die regering gestaan het op geskrewe dienskontrakte. „De kleurlingen zullen door de inwoners onder contract moeten worden gehuurd, dit contract moet ondertekend en afgegeven worden door den Veldcornet der afdeeling. Die contracten zullen aldus ingerigt moeten worden:-

Zij het kennelijk dat op heden, den dag der maand, des jaars 18....., voor mij, Veldcornet..... is verschenen de burger, de (Hottentot, kaffer of vrijzwarte), ... die verklaard zicht te hebben verbonden in dienst aan bovengenoemden comparant, voor den tyd van voor de somma van of kleedingstukken, of beesten, en meermelde comparant neem aan de genoemde betaling zonder korting aan meermelde (Kaffer, Hottentot of vrijzwarte) te doen.

(dag en datum als boven)
 (ondertoeckenning)” (182)

(181) Locale Wetten, p.97 : Instructiën voor de Veldcornetten, 1858, art. 45.

(182) Locale Wetten, p.98 : Instructiën voor de Veldcornetten, 1858, art. 56.

Indien die diensheer oortree in die kontrak kon die diensbode hom tot die Veldkornet wend⁽¹⁸³⁾ iets wat dan ook genoeg van gebruik gemaak is.⁽¹⁸⁴⁾ Paslose rondlopers kon ook by arrestasie aan boere toegesê word indien daar aansoekers was. Diesulkes is ook onder kontrak in diens geneem.⁽¹⁸⁵⁾ „Voorts word een ieder veltkornet ten stelligste gelas een waaksaam oog te houde dat gene mishandeling gepleegd word hoe ook genaamd met overeenkoms van deze artikkel, en indien de Veltkornet nalatig is, sal hy onderhevig zyn aan eenen boete van 5 Ryks. ende vervolgens verdubbelt.”⁽¹⁸⁶⁾

En asof die veldkornet nie genoeg te doen gehad het nie bepaal byvoorbeeld die „Algemeene Bepalingen en Regulatien voor het dorp Potchefstroom” dat elke persoon op die dorp nie meer as 5 Naturelle mag hê nie, dat hulle by die veldkornet onder kontrak moet wees en deur hom van 'n pas voorsien moet wees. En verder „de Veldcornetten worden verder gelast de ingezetenen van dit dorp met deze order bekend te maken, en voor de uitvoering derzelve gestrengelyk te waken.” Die regulasies was „tot meerdere veiligheid en voorkoming van dievery!”⁽¹⁸⁷⁾

Die veldkornet van Pretoria het die volgende jaar gevra vir 'n aantal Bantoe-gesinne vir die dorp

(183) Ibid. art. 42.

(184) Van Jaarsveld, p.283.

(185) Ibid.

(186) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 2, p.111 : Volksraadnotule, 14-24/3/1853, art. 77.

(187) Gouvernements Courant, No. 58, ged. 4/9/62.

waaruit posjongens, huisbediendes ens., getrek kan word. (188)

'n Ander aspek van Naturelle-arbeid waarop ons hier nie diep sal ingaan nie, is die kwessie van inboek van kinders by boere.

Die Z.A.R. was slawerny nie goedgesind nie en omdat hulle stelsel van inboeking die kritiek uitgelok het dat dit verbloemde slawerny was, was die maatreëls in hierdie verband - en in besonder die Apprentice Wet van 1851 - baie streng. In hierdie verband het landdros en veldkornet die pligte gedeel en het dit nie so swaar op die veldkornet geval nie.

Hierdie wet het onder andere bepaal dat elke houer van sodanige kind binne 8 dae skriftelik aan die landdros of veldkornet kennis moes gee van die wyse waarop hy die kind bekom het. Die veldkornet het self ook inboeking gedoen en sy lyste dan aan die landdros oorgedra vir inskrywing in die Apprentice-boek wat verpligtend was. (189)

Veldkornette moes alle aansoeke om inboeking noukeurig nagaan en "word verder aan de Veldcornets opgedragen een wakend oog over dusdaanige schepseltjes te houden." (190) Dit het hulle dan ook gedoen. (191)

(188) R. 896/63 : C.F. Preller aan U.R., ged. Pretoria, 15/10/63.

(189) Van Jaarsveld, p.284.

(190) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 1, p.86 : Volksraadnotule, Ohrigstad, 7/10/48, art. 3. Vgl. Van Jaarsveld, p.213 en 285. Sien ook Staats Courant, No. 2, ged. 2/10/57.

(191) R. 2878/59 : Sarel Eloff aan President Pretorius, 7/6/59.

PASSE.

Hoofsaaklik om diensbaarheid te bevorder maar ook terwille van selfbeskerming; om veediefstal teë te gaan en om te verhinder dat diensbodes hulle diens verlaat, is die veldkornette reeds so vroeg soos 1841 gelas om toe te sien dat Naturelle nie doelloos rondloop nie en pas sal dra. (192)

Gedurende die jare hierna is pasregulasies in die lewe geroep wat 'n belangrike taak was vir veldkornette om uit te voer. (193)

Geen Naturel mag rondgeloop het as hy nie voorsien was van 'n pas nie en wel 'n pas afgegee en geteken deur die veldkornet van sy wyk. (194)

Naturelle wat oor die landsgrense wou gaan moes eweneens 'n pas van die veldkornet hê. (195) Stamhoofde wat hulle onderdane met groepies vee deur die land wou laat trek kon dit slegs doen as hulle 'n pas van die veldkornet het. (196) Elke blanke was verplig volgens die wet van 1866 om enige Naturel wat sonder 'n pas van sy veldkornet, landdros, baas of sendeling buite sy woonwyk verkeer het, na die veldkornet te stuur waar dan na goeëddunke met hom gehandel is; gewoonlik is hy „diensbaar” gemaak.

Ook kon geen Naturel die Transvaal verlaat

(192) U.R. 2, U.R.B. : ged. 22/7/65, art. 1.

(193) R. 226/50 is 'n voorbeeld van so 'n pas.

(194) Locale Wetten, p.96 : Instruktiën voor de Veldkornetten, 1858, art. 37.

(195) Ibid, p.97, art. 46. Vgl. R. 4364/61.

(196) Ibid, p.96, art. 37.

het nie tensy hy 'n pas gehad het van die veldkornet van die wyk waar hy vandaan kom. Aan die anderkant kon geen Naturel die Republiek binnekom sonder 'n pas van sy opperhoof of sendeling nie: by sy aankoms moes hy hom by die veldkornet van die eerste wyk aanmeld wat hom dan van 'n nuwe pas voorsien het. (197)

Na 1870, moes die veldkornette lyste hou van die uitgereikte passe in terme van die nuwe Naturellewet van 1870. Hierdie maatreël is twee jaar later hersien en Wet 3 van 1872 het bepaal dat „Aan het einde van elke drie maanden zal ieder Veldkornet behoorlijk verslag moeten doen bij den Landdrost, van de gelden door hem ontvangen en de nog in handen zijnde passe en verantwoordelijk gehouden worden voor elke verloren pas.” (198)

„De Landdrosten zullen behoorlijk, volgens bestaande wetten, aan den Ouditeur-Generaal maandelijks verslag doen van het aantal door hen of hunne Veldkornetten uitgereikte passen en de gelden bij den Thesourier-Generaal storten, met opgaaf van de nog in hun bezit zijnde passen.” (199)

Die Veldkornet was verplig om teen die bepaalde betaling en vertoon van 'n dienskontrak, passe uit te reik en by versuim kon hy beboet word. (200)

(197) Naturellewet van 1866, art. 6.

(198) Locale Wetten, p.473 : Wet 3, van 1872, art. 7.

(199) Locale Wetten, p.474 : Wet 3 van 1872, art. 8.

(200) Ibid, art. 10.

Daar was ook ander dokumente wat deur veldkornette uitgereik is wat as passe bekend was, naamlik paase om op goewermentsgrond te gaan jag, vuurwapens te dra op reis ens. (201)

GRONDTOEKENNING.

Hoofsaaklik met die doel om arbeid byderhand te hê, het die boere van die Z.A.R. voorkeur gegee aan 'n lokasiestelsel. Stamme is derhalwe verdeel onder die veldkornetskappe ten einde die boere van arbeid te voorsien en andersins om die gevare wat groot samedrommings van Naturelle inhoud uit die weg te ruim. (202) In die jaar 1852 is byvoorbeeld elf stamhoofde onder 8 veldkornetskappe verdeel en daarna het verdelinge en onder-verdelinge maar voortgegaan wanneer die geleentheid hom voordoën. (203)

"De gronden of plaatsen aan de Kafferstammen toegestaan tot hun verblijf, zullen aangewezen worden door de bevoegde magten. Aan de Veldcornetten zal overgelaten worden om naar zoodanige geschikte gronden uit te zien en daarvan rapport te maken aan hunne Landdrosten." (204)

In 1862 het veldkornet P.C. Minnaar 'n memorie by die Uitvoerende Raad ingedien waarin hy vra dat die plaas Rooiplaats vir gebruik deur Bantoe afgesonder word. Dit is goedgekeur deur die Uitvoerende Raad. (205) Veldkornet Swart van

(201) Vgl. R. 128/65 : Veldk. Coetzee aan President, ged. 4/12/65.

(202) Vgl. Van Jaarsveld, p.274.

(203) Vgl. R. 390/52 : Notule van Krygsraad-vergadering, Rustenburg, 19/3/52.

(204) Locale Wetten, p.97 : Instructiën voor de Veldcornetten, 1858, art. 50.

(205) U.R. 1A, U.R.B. Pretoria, 6/2/62, art. 8.

Marico het in 1866 'n plaas gevra vir Mabalane en Ramusiaan. Die Uitvoerende Raad het besluit om die eienaar van die plaas te vra of hy dit vir 'n ander sal ruil. Indien hy weier moes die veldkornet 'n ander plaas soek.⁽²⁰⁶⁾ Veldkornet Riekert het weer aan die Staatsekretaris geskryf en hom meegedeel dat Salampe twee plase wil hê, towete Buffelfontein van D. Malan en Rietfontei van W. Prinsloo.⁽²⁰⁷⁾

Verder moes die Veldkornet, wanneer die volk in sy wyk opeenhoop, hulle laat trek en wanneer 'n stamhoof en sy stam uit 'n wyk trek was die veldkornet verplig om hulle op 'n plek te plaas vanwaar hulle nie verdryf mog word nie en alwaar hulle sou kon bestaan. Trouens in 1851 al het die Krygsraad die veldkornette mag verleen om voorsiening te maak vir voldoende grond en weiveld vir die volk in hulle wyk solank laasgenoemde hulle rustig sou gedra.⁽²⁰⁸⁾ Enige stamhoof wat 'n wyk wou verlaat kon dit alleen doen met die veldkornet se tussenkoms.⁽²⁰⁹⁾

BELASTING.

„Ik ben mede in het jaar 1849 door de Ed. Landdrost W.F. Versfeld gelast om den opgaaf van den

(206) U.R. 2, U.R.B. art. 43, ged. 9/2/66.

(207) R. 521/73 : Veldkornet S.S. Riekert aan S.S., 29/3/73. R. 522/73 : Kommandant S.J. Prinsloo en S.S. Riekert aan President, 29/3/73.

(208) R. 352/51 : Krygsraadbesluit, Rustenburg, ged. 10/12/51.

(209) R. 390/52 : Krygsraadbesluit art. 11, ged. 29/7/52.

Kaffer Kapityn Sinkoeba (dit is Somcuba) in tevoordenen. Hieraan heb ik voldoen en de gezegde opgaaf aan den genoemde Landdrost afgegeven," skryf Veldkornet J.M. de Beer.⁽²¹⁰⁾ En sos hy het menig ander veldkornet nog hierdie sy van Naturelle-administrasie ook moes behartig. Later is daar darem die toegewing gemaak dat hulle 5% van die opbrengs kon kry.⁽²¹¹⁾

Belastinggaarding was, soos ons reeds gesien het, die taak van die landdros maar dit was binne sy mag om dit aan die veldkornet op te dra. In een geval waar die landdros nie die belastinggaarding aan die veldkornette opgedra het nie, is 'n versoek aan die Uitvoerende Raad gerig dat hulle en nie die landdros nie, die belasting moet in „daar wij zoo doende naar onze beschouwing, de burgers ook beter met dienstvolk kunnen voorzien door dat wij de Kaffers dan beter bekend worden."⁽²¹²⁾

Soos met ander aangeleenthede het ook die inning van belasting meer en meer gesistematiseerd geraak en reeds in 1866 het die Uitvoerende Raad ten opsigte van Naturelle-belasting besluit dat „Elke veldkornet wordt verplicht gehouden eene naauwkeurige lijst te maken van alle kaffers welke in hulle wijken wonen, met naam en toenaam van de kapiteins tot aan den privaten kaffers."⁽²¹³⁾ Dan moes daar van hut tot hut gegaan word, kwitansies uitgereik word en aantekening gehou word van al die gelde vir inlewering by die landdros.⁽²¹⁴⁾

(210) R. 713/54 : Verslag van 1847 deur J.M. de Beer, ged. 6/11/54.

(211) Naturellewet van 1870, art. 18.

(212) R. 77/72 : Versoek van 4 veldkornette van Rustenburgdistrik aan President en U.R., Januarie 1872.

(213) U.R. 2, U.R.B. art. 1 : ged. 2/8/66.

(214) Locale Wetten, p.382 : Wet 9 van 1870, arts. 19 en 24.

Hierdie taak kon die veldkornet nie oral na wense uitvoer nie, deels vanweë die groot omvang daarvan en deels vanweë die onwilligheid van die Naturelle om belasting te betaal. Vir die jaar 1867 byvoorbeeld is geen belastings geïen nie as gevolg van die landswye onluste en vir die volgende jaar is £1,500 verwag en £3.5.9 geïen. (215)

DIVERSE TAKE.

Benewens genoemde pligte wat op die skouers van die veldkornet gerus het was daar nog verskeie ander wat nou verband gehou het met die beheer van die Naturelle waaraan die veldkornette veel tyd bestee het.

Daar was byvoorbeeld die kwessie van die toelating van sendelinge onder die Bantoe. „De kapiteins mogen geen zendelingen in hun midden toelaten, zonder daartoe vooraf toestemming gevraagd en verkregen te hebben van den Veldcornet nadat deze de Uitvoerende Raad daarover geraadpleegd heeft.“ (216)

Dan was daar andersyds die kwessie van „den handel met de aan deze Republiek ondergeschikte Kafferstammen“ wat bepaal het dat die veldkornet moet sertifiseer dat die aansoeker van 'n handelslisensie „een perzoon is, die in zoodanigen handel kan worden vertrouwd;.....“ (217)

(215) Van Jaarsveld, p.287.

(216) Locale Wetten, p.96 : Instructiën voor de Veldcornetten, 1858, art. 38.

(217) Staats Courant No. 46 van 8/10/58.
No. 47 van 22/10/58.
No. 48 van 29/10/58.

Die uitvoering van instruksies ten opsigte van vuurwapens onder die Naturelle was 'n groot taak wat op die veldkornet gewag het. So vroeg as 1844 het die veldkornette al instruksies in hierdie verband gekry. In 1846 is besluit dat indien iemand 'n gewapende Naturel teëkom hy hom na die Veldkornet moes neem vir 'n pak slae.⁽²¹⁸⁾ Herhaaldelik daarna is aan die veldkornette opgedra om op te tree teen Naturelle wat wapens besit. Veldkornet Porter is byvoorbeeld opgedra om vee en gewere af te neem en geweld met geweld te ontmoet.⁽²¹⁹⁾

Die wet van 1870 het neergelê dat 'n Naturel 'n permit van sy stamhoof of sendeling moes hê as hy gewapen met 'n geweer wil rondloop. Hy moes sy permit aan die veldkornet gaan toon wat dan aan hom 'n ander permit uitgereik het.⁽²²⁰⁾

Soms moes veldkornette ekspedisies onderneem teen stamhoofde wat in besit van gewere was. Veldkornet van Dyk het eenkeer rapporteer dat daar gewere en perde by Mankopane, Ramphelane, Maleo en Mswzi is.⁽²²¹⁾ Op 'n ekspedisie na Maleo is 124 gewere gekry en afgeneem.⁽²²²⁾

Behalwe die Naturelle binne die Z.A.R. was daar die groter stamme op die grense met wie die veldkornette

(218) Van Jaarsveld, p.212.

(219) U.R. 2 : U.R.B. art. 1, ged. 15/6/66.

(220) Naturellewet van 1870, art. 10.

(221) R. 742/54 : J. van Dyk aan Kommdt.-Genl.,
Onspoed, 26/12/54.

(222) Van Jaarsveld, p.279.

in verbinding gestaan het. Reeds is daarop gewys dat deur gedurige kontak hulle dikwels goeie en positiewe invloed uitgeoefen het om vyandelikhede af te weer en waar hulle nie invloed kon uitoefen nie het hulle in elk geval op hoogte van sake gebly. Die grensveldkornet in besonder was dus grenswag en diplomatieke beampte ten spyte van sy opdrag om „gedurig patrouilles (uit te zenden) om te trachten alle zodanige kaffers (d.w.s., kaffers van oor die grens wat trag om die Republiek binne te trek) optesporen of uitte vinden en gevangen te nemen of te dooden als omstandigheden mogte noodzakelyk maken.....”(223)

Die grensveldkornet het 'n verantwoordlike en moeilike taak gehad om gedurig op hoogte te bly met die bedoelinge van die aangrensende stamme. Om hierin te slaag het hulle gebruik gemaak van spioene en jag-geselskappe en het self oor die grens gegaan om stamhoofde te spreek of hulle gevoelens te pols. (224)

Setšhele het in 'n brief aan M.W. Pretorius dan ook kon getuig „Veelmaal is Jan Viljoen tot my gekomen.....”(225)

Die kennis so opgedoen is in hul verslae oorgedra aan die Uitvoerende Raad, Kommandant-

(223) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 2, p.349 :
Verslag van Krygsraadvergadering, 18/9/52.
(V.R. 226/52)

(224) Van Jaarsveld, pp. 230/231.

(225) R. 853/55 : Setšhele aan M.W. Pretorius,
ged. 1/7/55.

generaal of landdroste. Veldkornet Jan Viljoen kon in rustige tye rapporteer: „Het is hier nog regt rustig en stil onder alle de omleggende stammen.”⁽²²⁶⁾ By 'n vorige geleentheid het hy rapporteer „het is niet langer veilig by Sogoma en Mapela.”⁽²²⁷⁾

Verder was daar gedurig verslae oor die verhoudinge van die Bantoe onderling soos die verslag aan die President wat gelui het: „de naties vermag dat Silkaats op Sogoma sal aanval”.... „Mangwadoes (d.i. die Mmangwatostam) veg nog onder mekaar”..... „Wat Mahopie en Magatha aangaat, is nog op hunne plaatzen”..... „Segelie maakt klaar om na Mapela te rijzen.”⁽²²⁸⁾

Wat ookal die taak of instruksie was, die veldkornette het in hul verslae die ware toestande weerspieël wat geheers het. Eers moes hierdie verslae elke twee maande aan die landdros gestuur word⁽²²⁹⁾ maar volgens die grondwet van 1858 (art. 10) elke drie maande behalwe spesiale verslae oor spesiale sake.⁽²³⁰⁾

Hierdie gewone kwartaalverslae van die veldkornette sou nooit op dowe ore val nie. Soms is as gevolg van 'n verslag 'n kommando uitgestuur en

-
- (226) R. 1166/56 : Landdros van Rustenburg aan Kommdt-Genl. Pretorius, 5/8/56 : Vgl. R. 737/54 : Jan Viljoen aan Veldkornet te Marico, ged. 10/12/54. R. 1205/56 : Jan Viljoen se verslag, ged. 26/9/56.
- (227) R. 1188/56 : J.W. Viljoen aan President, Klein Marico, 5/9/56.
- (228) R. 2207/58 : Veldk. Coetzee aan President, Hartebeesfontein, 21/7/58. : R. 3192/59 : J.W. Viljoen aan President, Marico, 24/10/59. : R. 537/53 : J. Viljoen aan President, Rietvlei, 23/5/53. Vgl. 737/54 : Veldk. J.W. Viljoen aan Komdt. Kruger, Marico, 10/12/54. R. 755/55 : Verslag van Veldk. Viljoen, Marico, 23/1/55. : R. 947/55 : J.W. Viljoen aan Kommdt.-Genl., Marico, 7/12/55. : R. 988/56 : Veldk. J.W. Viljoen aan Pres., Marico, 21/2/56.
- (229) Locale Wetten, p.50.
- (230) Locale Wetten, p.90 : Instructiën voor de Veldcornetten, 1858, art. 19.

soms is 'n gerusstellende verslag gedoen deur die President self. 'n Verslag van Veldkornet P. Minneer oor 'n sameswering wat hy onder 'n paar stamhoofde ontdek het, het gelei tot 'n kommando teen Maloka, Zambok en andere.⁽²³¹⁾ Oor sulke rapporte het M.W. Pretorius gesê: „Ik (zal) echter niet gedoogen dat wilde Barbaren over mijn landgenooten.....triumfeere.“⁽²³²⁾

Die jaar 1859 was 'n betreklike stil jaar en die President kon op grond van die veldkornet-verslae (en andere) aan die Volksraad sê: „De omliggende en onder ons wonende Kaffer-stammen zijn rustig. Verscheidene opperhoofden dier stammen bieden vrede en onderwerping aan.“⁽²³³⁾

Die werksaamhede van die veldkornet was baie groot in verskeidenheid. Selfs ten opsigte van Naturelle-administrasie - die een aspek wat ons nagegaan het - skyn dit oorweldigend te wees en kan 'n mens nie anders as om tot die slotsom te kom dat dit 'n veeleisende en ondankbare werk was nie. Maar die veldkornette het dit gedoen tesame met al die ander pligte teenoor die blanke gemeenskap en ons respek vir hulle afgedwing.

Hulle het in 'n tyd van hul eie geleef en in omstandighede waarin ons ons moeilik kan indink en tog het hulle die fundamente van ons beheerstelsels stewig en heg gelê.

(231) Van Jaarsveld, p.235.

(232) R. 1677/57 : Pres. Pretorius aan Komdt. J.J. Viljoen, Potchefstroom, 13/8/57.

(233) R. 3088/59 : President se Verslag aan Volksraad, ged. 12/9/59, art. 5.

Op een geleentheid het weliswaar selfs 'n Paul Kruger gemurmureer oor die vele werksaamhede van die veldkornette, ⁽²³⁴⁾ Landdros C. Mol was kwaad omdat die veldkornette, „zich het beheer der Kaffers.... aanmatige.....“ ⁽²³⁵⁾ en Veldkornet A.P. Gouws van Wakkerstroom het weer beswaar gemaak dat Landdros O'Reilly „zich met kafferzaken in laat en bemoeit...“ ⁽²³⁶⁾

Daar was tye van ontevredenheid en struweling onder enkelinge, daar was diegene wat nie kon of wou dien nie maar in sy groot geheel gesien was dit die puikste groep burgers van die Z.A.R.

(234) Van Jaarsveld, p.217.

(235) U.R. 2 : U.R.B. 25/1/67, art. 37.

(236) U.R. 2 : U.R.B. 15/2/68, art. 3.
Brief ged. 14/2/68 en bylae.